# JEUG GEBEDSAAND – 'n Verhouding met God

1. **PRAISE EN WORSHIP**

2. **PRAKTIESE REëLINGS:**

- Jy en jou groep gaan vanaand saam as 'n groep beweeg deur die verskillende 'gebedsstasies'
- hierdie is vanaand 'n ernstige aand, en ek wil vra dat julle rustig sal wees en nie gat sal maak van dit wat ons gaan doen nie
- 5 groepe gaan in die saal wees en 5 groepe in die kerk
- ek wil regtig vir die leiers vra om te probeer om asb julle kinders so rustig as moontlik te hou

3. **INLEIDING:**

- Ons hart klop gemiddeld 1-3680 keer per dag
- Maar hoe gereeld klop JOU hart vir God en die dinge wat HY wil hê?
- vanaand gaan jy jou geestelike pols neem en met God 'connect'

4. **STASIE 1: Hoe vinnig klop JOU hart**?

***INSTRUKSIES:***

- Lees Rom 10:1
- By hierdie stasie gaan elke persoon hulle polsslag neem
- Laat elke persoon hulle wysvinger op hulle pols sit om hulle hartklop te voel.
- Laat hulle nou na die horlosie kyk en tel hoeveel keer hulle hart in 6 sekondes klop.
- Dink nou aan soveel kinders by jou skool waarvoor jy kan bid.
- Skryf hulle name neer, en plak dit op die "Jeug gebedsmuur"
- Gaan sit voor die muur en bid vir hulle.

**STASIE 2: Plant God se Woord in jou hart**

***INSTRUKSIES:***

- Lees Matt 13:1-23
- Nadat die groepleier die skrif voorgelees het, vra elke kind vir God om hulle harte voor te berei vir Sy Woord
- ***Groepleier lees vir die groep***:
  - Miskien het jy nog nooit toegelaat dat God se Woord met jou praat nie - harde hart
  - Miskien sit jy elke Woensdagaand hier, of Sondae in die kerk, maar God se Woord het nog nooit vir jou iets beteken of jou lewe verander nie?
  - Vanaand is die kans om jou hart oop te maak vir God EN vir Sy woord
- By hierdie stasie is daar saad, grond en 'n foam glasie
- As JY vanaand die keuse maak, of dit al gemaak het en ERNSTIG daaroor is, om God se Woord toe te laat om JOU lewe te verander, dan plant jy vanaand vir jou 'n saadjie in die glasie en skryf jou naam daarop.
- Om na 'n plantjie te kyk is soos ons pad saam met die Here – dit vat tyd, geduld en baie versorging (stiltetyd, bid, kerk, sel).
- Geen plant groei oornag nie, en so vat dit ook tyd om 'n verhouding met God te hê
- Elke kind gaan sit met hulle plantjie en in stil gebed vra vir die Here om hulle te help met die keuse wat hulle gemaak het, en om ernstig daaroor te wees.

**STASIE 3: Reminders**

***INSTRUKSIES:***

- Lees Deut 11:16-20
- In die Bybel se tyd het mense 'reminders' gehad om hulle aan God se Woord en gebooie te herinner
- Vandag het ons selfone, dagboeke en kalenders om ons dinge te help onthou
- Haal jou selfoon uit, en maak 7 afsprake met God vir die volgende 7 dae
- Maak seker dis op 'n tyd wat jou pas sodat jy die afspraak sal kan nakom.
- In daai tyd lees jy jou Bybel, jy bid en skryf neer wat jy ervaar of dink oor dit wat jy lees.
- Elkeen bid nou by hulle self en vra dat God hulle hierdie week sal ontmoet in hulle stiltetyd

**STASIE 4: Waar is JY op die 'map'?**

***INSTRUKSIES:***

- Lees Open 3:15-16; 20 - Van julle het nog nooit die keuse vir Jesus gemaak nie
- ***WARM***: Jy het al die keuse vir Jesus gemaak, en loop die pad voluit
  Jy leef soos God wil hê, jy doen jou stiltetyd, jy het 'n verhouding met God, jy kom kerk toe omdat jy WIL en nie omdat jy MOET nie, jy kom jeugsel toe en word verander deur dit wat jy hier leer, God se Woord en wat Hy van jou wil hê is vir jou baie belangrik en jy probeer regtig om te leef soos Hy wil hê jy moet. – ***JOU HART KLOP WARM VIR GOD***
- ***LOU:*** Jy het al die keuse vir Jesus gemaak, maar die pad is te moeilik en nie soveel 'fun' nie.
  Jy loop dit so sleepvoet, maar leef en lyk meer soos die wêreld as soos die kind van God wat jy moet wees! Jy bid so nou en dan, jy het geen verhouding met God nie. Jy kom partykeer kerk toe, maar net omdat jy MOET, Woensdagaande is jy hier by die jeugsel omdat jou pelle, ou of meisie hier is, jy het 'n lekker tyd, maar as jy hier uitstap was dit net 'n lekker tyd, maar niks het in jou hart of jou lewe verander nie.
- ***KOUD***: Jy het die keuse vir Jesus gemaak, maar besluit om van die pad af te klim.
  Wie God is, en wat Hy van jou wil hê maak nie meer vir jou saak nie. Jy bid glad nie meer nie, jy gaan nie meer kerk toe nie, en kom net jeugsel toe omdat jou pelle hier is, en wanneer ons besig is met die les is jou gedagtes met iets anders besig, jy kon net sowel voor die TV gesit het, so min beteken dit waarmee ons besig is vir jou. Dit pla jou nie eers as jy iets doen wat God nie sal wil hê dat jy moet doen nie.
- Waar op die 'map' is JY vanaand?
- Vat vir jou een van die merkers en sit dit op die plek waar JY is – jy gaan nie jou naam daarop skryf nie, so weet ASB eerlik – onthou, God weet of jy eerlik is of nie!

**STASIE 5: Friend request**

***INSTRUKSIES:***

- Lees Joh 3:16, 1 Joh 1:9
- Almal van ons ken Joh 3:16 – God het ons so liefgehad, dat Hy Sy Seun, Jesus gestuur het om die afgrond wat sonde tussen ons en God veroorsaak het, te kom toemaak deur Sy kruisdood en Sy bloed.
- God kom staan vanaand met 'n 'friend request' voor jou, maar soos op facebook, kan Hy NET deel van jou profile – jou lewe raak – as jy Hom as 'friend accept'!
- Soos jy vanaand voor die kruis staan, vra vir God om jou hart te ondersoek, en jou te help om jou behoefte aan Jesus se offer vir JOU raak te sien
- Soos jy jou hart en lewe ondersoek, en jy vanaand EERLIK en ERNSTIG weet dat jy Jesus nodig het, skryf jy jou naam in die blokkie neer, en merk die 'confirm' blokkie.
- Terwyl jy dit doen vra jy vir Jesus om jou sondes te vergewe, en sê jy jammer vir die manier hoe jy geleef het, en dat jy nie in Jesus geglo het nie.
- Dan vra jy Hom om weer, of vir die eerste keer in jou hart en lewe in te kom.
- Hier sal grootmense hier rond wees om vir jou te bid indien jy wil hê iemand moet vir jou bid
- As jy dit vanaand nie EERLIK kan doen nie, moet eerder nie, want dit gaan 'n prys van jou vra wat jy nie bereid sal wees om te betaal as jy dit nie met jou hele hart bedoel nie!